| 6 Februarie | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui


## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 8 FEBRUARIE 2026 SE EREDIENSTE:

| 08:00 | 09:00 | 10:00 |
|---|---|---|
| **Kuierkerk** | **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds Heinrich Carstens | Dr Stephan Naudé | Ds Heinrich Carstens |
| 1 Kor 2:1-12 | 1 Kor 2:1-12 | 1 Kor 2:1-12 |

LIG | DEERNIS | HOOP




**Jy word hartlik uitgenooi na Sondag se eredienste**






# YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

Gebruik gerus die ***SnapScan-opsie*** om jou offergawe te gee.

SnapScan



# Program vir die week

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Maandag** | 9 | **09:30** | GrieveShare Kursus (Kapel) |
| | | **11:30** | Preekwerksgroep (Kapel) |
| | | **17:30** | Kleinmond Wyksraad (TYD) |
| **Dinsdag** | 10 | **09:00** | HK Gebedsgroep (Hangklipkerk) |
| | | **11:30** | Gerimed Biduurgroep |
| | | **16:30** | KM Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag** | 11 | **09:00** | Normaalklas vir Vrouebybelstudie (Kapel) |
| | | **15:00** | Hangklip Wyksraad (Hangklipkerk) |
| | | **17:00** | Hangklip Bybelskool (Hangklipkerk) |
| | | **18:00** | Dissipelskapgroep (TYD) |
| **Donderdag** | 12 | **06:00** | HK Mannegroep (Hangklipkerk) |
| | | **18:00** | DivorceCare Kursus (Kapel) |
| **Vrydag** | 13 | **06:30** | KM Mannegroep (Kleinmondkerk) |
| | | **16:00** | Jeugbyeenkoms (Hangklipkerk) |

**KERKKANTOOR** *ure*

*Maandag - Vrydag* 10:00 - 13:00

**KONTAK** *besonderhede*

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

Kogelberg se Getuienis

# NUUS UIT ONS BUURLAND, MOSAMBIEK

Nuwe leraar: Ons gemeente het die afgelope 3 jaar bygedra tot die studiekoste van Franque Bitoni wat by Hefsiba-Instituut in Mosambiek teologiese opleiding ontvang het.



Hy word nou deur die gereformeerde kerk in Mosambiek, Igreja Reformada Moçambique (IRM), in die Gile-gebied geplaas. Hy moet nuut begin om die gemeenskap te bereik met getuienis, diens en oordra van die evangelie.

Gile is ver van enige groot sentrum en Franque het geen vervoer nie. Gevolglik sal hy moet stap. Die paaie in die omgewing is erg verspoel en moeilik begaanbaar weens die onlangse vloed.

Ds Danie Murray wat aan Durbanville Bergsig-gemeente gekoppel is, het onderneem om hom volgende maand te gaan besoek en te help om sy bediening daar te begin. Die Getuienisaksie wil graag die IRM help om vir Franque 'n fiets te koop.

Vloedramp: Baie groot dele van Mosambiek is nog onder water. Mense is afgesny en die kosnood is groot.



CRN (Crisis Response Network), vir wie ons gemeente ondersteun, werk saam met hulle vennote Rise Against Hunger en Mercy Air, wat kos per vliegtuig na slagoffers neem. Dit beteken helpers moet kilometers ver oor groot stroke water roei om kos by noodlydendes te kry. Dit kos Mercy Air R35000 per vlug. Ook moet meer voorraad gekoop word. Bydraes kan gemaak word aan CRN (FNB lopende rekening, no. 628 4068 5757).


Eredienstye 2026
Kuierkerk
08:00
Hangklipkerk
09:00
Kleinmondkerk
10:00
In die Kleinmondstreek sal daar gedurende skoolvakansies en langnaweke slegs een erediens om 09:00 in die Kleinmondkerk wees.


KERKKANTOORure
Maandag - Vrydag
10:00 - 13:00
DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA

Skakel in by Kleinmondkerk in Vierde Laan met die twee kursusse wat oor 13 weke strek...

GriefShare® Maandae om 09:30 (Kapel)

Donderdae om 18:00 (Kapel) DIVORCECare®

As deel van die rouberaad-ondersteuningsgroep bied Elza Marais die 2 kursusse aan. Vir meer inligting oor die twee kursusse, kontak gerus vir Elza by 082 706 2284.

**Maandag & Donderdag**




**Maandag**

**Woensdag**




# Elke Woensdag...

## Hangklip Toerusting

Ons het op Woensdag, 21 Januarie 2026 (vanaf 17:00 - 18:00) begin met 'n nuwe toerustingsreeks by Hangklipkerk wat deur ds Hendrik Saayman aangebied word.

Dis nie noodsaaklik dat jy die meegaande boek aankoop nie, maar enkele boeke is wel teen R250-00 beskikbaar.

Kontak die Kerkkantoor as jy belangstel om deel te wees van hierdie reeks wat oor ongeveer 12 weke sal plaasvind.






## Weeklikse Gebedsgroepe




## Mannebediening









Jeug

Kategese







Vakatures

**FONDSINSAMELING**

# JUKSKEI DAG

## 21 Februarie

R480/span
(4 spelers) -
sluit jou ete in!


Individue kan ook
inskryf!

Lidmate wat nie speel
nie, is welkom om
saam te kom eet!

13:30 Registrasie
14:00 Spel begin
18:00 Ete & kuier

Kom bespreek jou plek by die Kerkkantoor
of stuur ‘n epos na info@ngkogelberg.co.za


Koffiebottels
Bring asseblief skoon leë koffiebottels met deksels na die Kerksaal vir die Kleinmond Sopkombuis!


Kleinmond Basaarvorms
Beskikbaar by jou Wyksouderling/ Dienswerker!


Datums vir jou dagboek...
1 Feb
Intreepreek & bevestiging: Dr Stephan Naudé
21 Feb
Kleinmond Jukskeidag
6 Mrt
Wêreldbiddag vir Vroue
6 Mrt
Hangklip Hoenderbraai
6 Mrt
Wêreldbiddag vir Mans
20 Mrt
Kos- en Kuiermark - Kleinmond Basaar
Februarie & Maart
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

*ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA*

# VAKATURE

## ADMINISTRATIEWE ASSISTENT NGK KOGELBERG

***Aansoeke vanaf geskikte kandidate vir die pos van Administratiewe Assistent vir die NG Gemeente Kogelberg word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.***

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: *Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195*
- **Kort CV van hoogstens 3 bladsye**
- Afskrif van ID-dokument

Sluitingsdatum vir aansoeke: **13 Februarie 2026 om 13:00**

Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za

**Diensvoordele** sluit in:

- 'n Totale Koste vir Indiensneming pakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike ervaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.

**Die pligte sal onder andere die volgende insluit:**

- Dit sal van die Administratiewe Assistent verwag word om 25 tot 30 ure fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die Administratiewe Assistent sal aan die Bedieningsbestuurder, die voorsitter van die KK&K en die kerkraad van die gemeente rapporteer.
- Algemene Administratiewe pligte.
- Bestuur van eiendom tesame met die faktotum en die Eiendomsbediening.
- Aankope en bestuur van voorrade.
- Diens tydens eredienste (huwelike en begrafnisse).
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- 'n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.

**Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:**

- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudings te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en 'n geldige bestuurderslisensie beskik.
- Rekenaarvaardig.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die gemeente se streek gegee word.

Diensaanvaarding: 1 **Maart 2026.**

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

*ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA*

# VAKATURE

## FAKTOTUM NGK KOGELBERG

***Aansoeke vanaf geskikte kandidate vir die pos van faktotum vir die NG Gemeente Kogelberg word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.***

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: *Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195*
- **Kort CV van hoogstens 3 bladsye**
- Afskrif van ID-dokument

Sluitingsdatum vir aansoeke: **13 Februarie 2026 om 13:00**
Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za
**Diensvoordele** sluit in:

- 'n Totale Koste vir Indiensneming pakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike ervaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.

**Die pligte sal onder andere die volgende insluit:**

- Dit sal van die faktotum verwag word om 25 tot 30 ure fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die faktotum sal aan die Eiendomsbediening en die kerkraad van die gemeente rapporteer.
- Sekuriteit
- Bestuur en instandhouding van eiendom tesame met die Eiendomsbediening.
- Gereedmaak van die kerk vir eredienste.
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- 'n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.

**Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:**

- Basiese tegniese vaardighede om klein noodherstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudings te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en 'n geldige bestuurslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die gemeente se streek gegee word.

Diensaanvaarding: **1 Maart 2026.**

# Oggenddiens

NG Kerk Kogelberg

**Bevestiging + Intreepreek**

Dr Stephan Naudé 1 Kor 1:18–31

Sondagoggend 1 Februarie 2026 9h00

Met liefde gemaak deur Joanne






















# Oggenddiens

NG Kerk Kogelberg

Koffie-kuier-klets

TYD-kuierruimte

Sondagoggend 1 Februarie 2026 10h30

Met liefde gemaak deur Joanne















# Veels Geluk...

## Saterdag 7 Februarie

Chris-Marí Barnard 083 448 9106 (KB5)
Kathleen Joubert 072 394 9737 (Sc3)
Alida Muller 082 563 7692 (RE)
Tallie Taljaardt 082 822 6564 (KB1)
Gert van der Linde 082 765 6659 (Sa3)
Cecilia van der Vyver 083 258 6863 (Ba2)

## Sondag 8 Februarie

Paul Coetzee 082 687 1163 (Ba1b)
Amanda Fourie 083 304 0367 (Bb2)
Loumarè Goosen 084 548 2866 (Sa4)
Ansie Malan 082 4939844 (Sb1)
Helgaard Muller 072 246 6329 (Sc1)

## Maandag 9 Februarie

Maretha Hugo 083 631 2932 (Ba2)
Veronica Schutzler 083 660 5704 (Sb2)
Christa Steenkamp 072 450 4003 (Sc2)
Dirk Taljaard 082 881 6030 (PB2c)
Elmarie Terreblanché 082 820 1375 (Ba1b)
John Wright 083 445 0701 (Ba3)

## Dinsdag 10 Februarie

Linda Smit 072 259 0424 (Sa2)

## Woensdag 11 Februarie


Alida Fourie 082 822 2112 (KB4)
JC Swart 083 269 3964 (Sb4)
William van der Merwe 082 881 4746 (KB2)
Martie van Deventer 076 110 6015 (BB2)
Rian van Niekerk 083 732 9789 (PM1)

## Donderdag 12 Februarie

Beulah Atterbury 065 924 2974 (Sc4)
Mundi Barnard 082 337 3997 (KB5)
Famke Boonzaaier 071 473 4235 (KB1)
Dorie Greyling 083 270 7102 (Ba1b)
Zita Liebenberg 062 678 4309 (PM5)
Jenny van Wyk (BB2)
Anita van Zyl 073 975 9610 (KB1)
Annelize Visser 082 861 2047 (Ba2

## Vrydag 13 Februarie

Rita Nel 083 614 9502 (Ba1b)
Wilhelm Stals 076 524 3688 (RE)
Burny Swiegelaar (BB2)
Tinus van Staden 082 802 8426 (BB2)




## GROEPGESPREKKE | 8 - 14 FEBRUARIE 2026

**1. Gesels bietjie saam...**
- As jy nou raad nodig het, na wie toe sal jy eerste gaan? Hoekom daardie persoon?
- Wat is die slegtste raad wat jy ooit gekry het wat op daai oomblik baie wys geklink het?
- Wat is die beste raad wat jy ooit gekry het wat aanvanklik vreemd geklink het?

**2. Ons storie nou...**
- Waarop maak mense gewoonlik staat om dinge te verstaan? (Bv. logika, opleiding, ervaring, Google, kenners, menings)
- Wat is iets in die lewe wat jy nie net met Google of boeke kan oplos nie?

**3. God se storie...**
Lees ***1 Korintiërs 2:1-12*** weer rustig saam deur en gesels dan oor die volgende temas en vrae:
- Paulus sê hy het nie met groot woorde of slim wysheid gekom nie, maar net met Jesus Christus, die Gekruisigde. Hoekom maak hy dit so eenvoudig?
- Hoekom dink julle werk God juis deur swakheid en nie altyd deur selfvertroue en krag nie?
- Vers 6-7 praat van God se wysheid wat anders is as die wêreld s'n. Wat is die verskil tussen God se wysheid en die wêreld se wysheid?
- Hoekom verstaan die wêreld nie altyd God se manier van werk nie?
- Vers 10-12: Die Gees openbaar God se wysheid aan ons. Hoe ontvang ons hierdie wysheid? (Deur die Gees wat in ons woon)
- Hoekom kan iemand sonder die Gees nie God se wysheid verstaan nie? Wat maak die verskil?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Die wêreld sê: "Wees sterk, selfversekerd, beïndruk mense." Paulus sê: "Ek was swak en bang, maar die Gees het krag gegee." Hoe verander dit hoe jy dink oor jou eie swakhede?
- Waar in jou lewe besef jy die meeste: “Ek het God se hulp nodig”?
- Hoe sou jou gebede verander as jy regtig glo dat die Gees jou help om God te verstaan?
- Waar bid jy dalk te min vir insig, en te veel net vir oplossings?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 9 Februarie - 1 Korintiërs 2:1-12
- Dinsdag 10 Februarie - Psalm 99
- Woensdag 11 Februarie - Eksodus 24:12-18
- Donderdag 12 Februarie - Matteus 17:1-9
- Vrydag 13 Februarie - 2 Petrus 1:16-21
- Saterdag 14 Februarie - Psalm 99 & Matteus 17:1-9